**Skriflesing:** Ps 84
**Tema:** Stap saam op die pad van geluk.

Ons vind in hierdie Psalm waarskynlik ‘n klomp reisigers oppad na Jerusalem om die loofhuttefees by die tempel te gaan vier. Die loofhuttefees is gehou tussen oes- en saaityd en het verskeie dae geduur. Die volk het die Here gedank vir die oes wat afgehandel is en terselfdetyd gebid vir vroeë reëns sodat hulle kon begin ploeg na die droë somer.

Die reisigers sing ‘n vreugdelied wat ook vol verwagting en verlange is. Hulle is oppad om God te gaan ontmoet in die tempel, waar hulle geglo het dat Hy bly.

Waarskynlik is hulle ook oppad om te gaan vakansie hou. Vir ‘n jaar lank het hulle hard gewerk, nou het hulle ‘n vakansie nodig. Hulle is so opgewonde soos kinders oppad vakansie toe.

Daarom weerklink die feeslied van Psalm 84.

Vandag weet ons dat God nie in die kerkgebou bly nie. Hy bly in elkeen van ons. Ons is die tempel van die Heilige Gees. (1 Korintiërs 6:19)
Dit is wonderlik om hier saam bymekaar te wees, maar ons vreugde is nie meer in die gebou nie, want God bly nie hier nie. Ons vreugde is in die Here. Hy is altyd en oral by en in ons.

Hoe vertaal ons hierdie Psalm in vandag se taal? Psalm 84 word in 4 dele opgedeel. Ons kan die Psalm vandag soos volg lees:

- **PSALMS 84**

**Hoe lief het ek u, Here**

1 Vir die koorleier: met musiek. Van die sangers in die tempel. 'n Psalm.

**Verlange na die Here**
2 Hoe lief het ek u Here, Almagtige!
3 Ek versmag van verlange na die Here;
  met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.
4 Selfs 'n mossie het 'n nes
  en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies
  daar by u, Here, Almagtige, my Koning en my God!

**Gebed vir God se beskerming**
9 Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob!
10 Sien tog om na die regeerders, wat ons beskerm, o God; hou u gesalfde onder u sorg.

**Seën van God vir die wat in sy teenwoordigheid leef**
5 Dit gaan goed met mense vir wie U 'n tuiste is:
  hulle hou nie op om U te prys nie.
6 Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind
  en graag na U en geestelike byeenkomste toe gaan.
7 Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge

bring.
8Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn.

**Genade wat God skenk**
11Waarlik, één dag in u teenwoordigheid is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer rond in die
teenwoordigheid van my God as om te woon in huise sonder God.
12Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer,
Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie.
13Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!

Wat maak dat ons vandag gelukkige feeslied lewens kan leef? Hier is 4 goed wat uitstaan:

**1. Sy seën vloei uit op 'n lewe in die teenwoordigheid van God.**
Ons moet oop en ontvanklik voor die Here leef. Hy wil ons seën. Dit is wie Hy is. Ons lees van sy seën in Psalm 84:5-8, 11-13.

**2. Weet wie die Here ons God is.**
Ons het nou van Hom gesing as die onvergelykbare God. Vier keer word Hy in Psalm 84 die Almagtige genoem. Ons wik, Hy beskik. Hy beskerm ons. Selfs die weerlose en waardelose kleintjies is veilig by Hom

**3. Ervaar verskillende ontmoetings met God.**
Ek ontmoet God wanneer ek alleen is en ook saam met medegelowiges.
Vyf maal in die lied word verwys na "ek". Ons vind ook verwsyings na my gebed, my koning en my God.
Dit dui op 'n individuele persoonlike geloofsverhouding met God.

Maar God het ons nie gemaak om Hom net as individue te aanbid nie. Ons lees in die Psalm ook drie maal van "ons". Daar word in meervoud verwys na: die mense, hulle hou nie op om U te prys nie en vir hulle gaan fonteine oop.

Ons het mekaar nodig vir 'n gelukkige lewe. Ons het ook die verantwoordelikheid om mekaar aan te spoor en saam te vat na ontmoetings met God. Ons lees in Hebreërs 10:24-25:
"24Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

**4. Leef in toewyding aan die Here**
God is nie 'n krisisstop nie. Hy is nie die noodwiel wat ons uithaal net as ons 'n papwiel het nie. Gee die stuurwiel van jou lewe aan Hom in geloofsoorgawe en volkome vertroue op die Here.

Geloof is 'n manier van lewe. Dit is om te smag na die Here en sy wil soos ons dit in die Bybel vind. Dit is om opgewonde deel te neem aan die gemeenskap van die gelowiges. Dit is 'n lewe gevul met lof en 'n dinamiese gebedslewe. Niemand kan dit namens jou doen. God lei ons hiertoe, maar dit is ook elkeen se keuse of ons die Here so, met toewyding, wil dien.

Kom ons verbind elkeen onsself elke dag opnuut met entoesiasme tot ontmoetings met die Here. En kom ons vat hande en stap saam op die pad van geloof. Dan seën Hy ons vandag met 'n oorvloed van sy ware blywende geluk. Amen